GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D7

# Afrikaans Huistaal
# Vraestel 3
# Gr. 10
# Junie 2017

Punte : 100
Tyd : 3 uur

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur ’n breinkaart/ diagram/ vloeidiagram/ kernwoorde te gebruik) en jou werk taal versorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

**Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf ’n opstel van 300–350 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer**

1.1 Ek wou nog... **[50]**

1.2 Die geskenk wat my lewe vir altyd verander het. [50]

**1.3 Hoera, dis Vrydag!** [50]

1.4 Die krag van woorde. **[50]**

**1.5 As die skoen jou pas...** [50]

**1.6 Musiek kan ‘n partytjie maak of breek.** [50]

1.7 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.

1.7.1



[50]

OF

1.7.2



[50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou vriend/ vriendin toon ongewone gedrag by die skool en jy is bekommerd oor hom/ haar.

Skryf 'n BRIEF aan jou vriend/ vriendin waarin jy jou kommer uitspreek oor sy/ haar gedrag. [25]

**2.2 HULDEBLYK**

'n Bekende skilder, Hans Groenewald, 'n baie goeie vriend van jou, is onlangs oorlede.

Skryf 'n HULDEBLYK aan dié skilder. [25]

**2.3 FORMELE VERSLAG: OOGGETUIEVERSLAG**

Een van die senior seuns het 'n junior op die skoolterrein geboelie. Jy het alles gesien.

Skryf die VERSLAG om aan die hoof voor te lê. [25]

**2.4 FORMELE BRIEF**

Jy is een van die Graad 10-Graadverteenwoordigers op die VLR. Jy is verantwoordelik vir die jaarlikse Lentebraai. Jy beoog om die bygeregte vir die graad 10's tydens die braai te voorsien. Jy besluit om 'n bekende winkelgroep om 'n borgskap te nader.

Skryf 'n BRIEF waarin jy die rede vir jou versoek verduidelik en vir sekere bestanddele vra. [25]

**2.5 ONDERHOUD**

Jy is 'n redaksielid van die skoolkoerant. Een van jou mede-skoliere het tydens die afglope Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe 'n goue medalje verwerf.

Skryf die ONDERHOUD wat jy gevoer het neer. [25]

**2.6 TYDSKRIFARTIKEL**

Eerste afsprake is vir die meeste tieners altyd 'n groot kopseer.

Skryf 'n ARTIKEL waarin jy die moets en die moenies van 'n eerste afspraak bespreek. [25]

**TOTAAL AFDELING B: [50]**

**GROOTTOTAAL: [100]**